

HOËRSKOOL PIET RETIEF REËLBOEK

INHOUDSOPGAW

PERSONEEL 2023	3
UITVOERENDE RAAD 2023	4
BELANGRIKE INLIGTING VIR ALLE NUWE LEERDERS.....	5
BERADING EN HULP	5
SKOOLFONDS 2023	5
TOELATINGSBELEID	5
AANVANG EN VERDAGING VAN SKOOLDAG	6
AFWESIGHEDE VAN LEERDERS.....	7
BASIESE NETHEIDSREËLS VIR SKOOLDRAG	7
KLEREDRAGBELEID	10
SKOOLDRAG	10
DRAG TYDENS NA-UURSE VERPLIGTINGE.	14
VERVOER VAN LEERDERS NA BUIE-MUURSE AKTIWITEITE	15
PLIGTE VAN GRAAD 8-LEERDERS:.....	15
SELFONE	15
TASSE	15
NETHEID VAN TERREIN EN SKOOLGEBOU.....	16
KAFETERIA	16
SLUITKASSIES	16
AKADEMIESE VAKKE.....	16
AKADEMIESE STRAWWE	17
EKSAMENS EN TOETSE	17
DISSIPLINÊRE STELSEL.....	19
KLASREËLS.....	21
PIETIE-MANIERE	22
TERREINPLAN	24
REËLS BY SOKKIES OF SOSIALE GELEENTHEDE IN SAAL.....	24
GRAAD TWAALFS.....	24
LEERDERVOERTUIG	25
MOTORFIETSE EN FIETSE.....	25
PRYSUITDELING	25
ALGEMENE EREKLEURE	26
TOP TIEN.....	31



SKOOLLIED

In ons skool na Piet Retief vernoem,
is ons hoogste ideaal
om te ywer, nie vir eie roem,
maar vir land en volk en taal!

Stand together to earn the highest prize
on the sports field and in class.
Make us proud to show our excellence
from the generations past.

Skool van Piet Retief,
ons het jou so lief,
jou geluk is ook 'n
doelwit van ons strewe.

That which we may learn
make our nation proud,
ons bly jou getrou as
rigsnoer van ons lewe!

VOLKSLIED

Nkosi Sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Morena boloka sechaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwendyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika - South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.



PERSONEEL 2023

ONDERWYSERS

Mnr SE Bouwer
Mnr A Schlebusch
Mnr CJM Botha
Mnr I Rens
Mnr JJ du Toit
Mev I Botha
Mev S Erasmus
Mev JD van Rensburg
Mev CE Rothmann
Mev S De la Rosa
Me Z Jacobs
Mev EJ Serfontein
Mnr P de Waal
Me M Kotze
Mnr N Fraser
Me L van der Merwe
Mev HT Bouwer
Mev E. Dreyer
Mnr FJ Espag
Mev E Rens
Me A de Bruyn
Mev N J v Rensburg
Mnr F Ntshangase
Mev C Olmesdahl
Me A Lundie

Mnr J Malan
Mev AS Earle
Mev E du Toit
Mev E Fraser
Mev L van Rooyen
Me J Grib
Mev F Gregory
Mnr H Krause
Mev M Rich
Mev C Wartington
Mev E Schlebusch
Mev M de Waal
Mev V Fouche
Me N Mdletshe
Mnr JJ Olivier
Me O Lourens
Mnr R Potgieter
Mev A Woest
Mnr L Makhanya
Mnr C Ries
Me L Bakker
Mnr P Zulu
Me X Dlamini
Me T Rammontsha
Me T Moyo

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Mev N Badenhorst
Mev L van der Linde
Mev H Coetzee
Mev C Bakker

Mnr P Serfontein
Mev D Putter
Mev Y Green
Mev A Fourie

BEHEERLIGGAAM

Mnr G. Erasmus (Voorsitter)
Mev E Oosthuizen (Onder-voorsitter)
Mnr C Klingenberg
Mnr C Botha (Onderwyser)
Mnr W Madi
Mnr A Thomas

Mnr S Prigge
Mnr T Ferreira
Mev L van der Linde (Nie-onderwyser)
Mnr SE Bouwer (Hoof)
Mnr P De Waal (Koshuis)
Mev L Van Rooyen (Koshuis)
Mnr A Schlebusch (Onderwyser)



UITVOERENDE RAAD 2023

HOOFLEIERS

HOOFSEUN HOOFDOGTER

Julius Brauckman Nqobile Masuku

KULTUURRAAD

Onderhoofseun Onderhoofdogter

Gwitima Barney Weich Isabel

Britz Morne Ebrahim Farihah

Mathenjwa Lethokuhle Gama Sinegugu

Mathenjwa Sandiswa Kunene Akhona

Roux Arno Pretorius Klarissa

Uys Donél

SOSIALE RAAD

Onderhoofseun Onderhoofdogter

Madi Bandile Gevers Silke

Bester Christiaan Gevers Angelika

Engelbrecht Hugo Selembe Naledi

Gevers Holger Zulu Gugu

Mitchell Rouwan Zwane Lungalethu

Ntshangase Timothy

SPORTRAAD

Onderhoofseun Onderhoofdogter

Gertenbach Dylan Creydt Nina

Dhlamini Sthabiso Klingenberg Carla

Dube Khaya Sithole Thuli

Ehlers Jaydan Steffensen Tracey

Mkhize Londakahle Thusini Sazi

Venter Cobus Van Den Berg Lanique



BELANGRIKE INLIGTING VIR ALLE NUWE LEERDERS

Die skool begin soggens om 07:20 en sluit om 13:30. Leerders wat vroeër moet huis toe gaan, sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien u as ouer die kind by die kantoor kom uitteken. Skoolklere, sweetpakke, skooltasse, HPR-hemde en “baggies” is by die klerewinkel op die skoolterrein te koop. Skoolsportsakke en hokkiesakke is by die HPR klerewinkel beskikbaar. Geen ander sportsakke mag gebruik word nie.

BERADING EN HULP

Elke leerder se belange word op die hart gedra. Sou ons 'n probleem opmerk, word dit vertroulik opgevolg, aangesien die skool bevoorreg is om oor die dienste van beraders te beskik. Dr. Jackie Pretorius besoek die skool weekliks.

SKOOLFONDS 2023

R19 500 p/a = R1 950 p/m x 10

Indien u kwalifiseer vir korting, moet die nodige dokumentasie by Mev. Y Green tussen 1- 28 Februarie 2023, ingevul word - Korting word nie terugwerkend toegestaan nie.

Die reëls en regulasies kan deur die loop van die jaar gewysig word deur die bestuurspan van die skool, óf die bestuursraad soos genoodsaak deur faktore wat teen druktyd nog nie bekend was nie of na druktyd verander het. Nieteenstaande, die bogemelde reëls en regulasies, sal die finale diskresie van die toepassing, interpretasie en wysiging daarvan berus by die bestuurspan van die skool of die bestuursraad berus.

TOELATINGSBELEID

1. Ouers móét 'n toelatingsvorm invul vir toelating tot die skool voor einde Augustus die vorige jaar. Daarna word slegs leerlinge geplaas wat aan die toelatingsvereistes voldoen in klasse waar daar nog plek beskikbaar is.
2. Alle aansoekvorms moet volledig ingevul word. Indien daar vals inligting op aansoekvorms weergegee word, sal toelating summier geweier word. 'n Amptelike gewaarmerkte afskrif van die geboortesertifikaat moet ingehandig word. 'n Rapport van die vorige skool, asook 'n water- en elektrisiteitsrekening wat u adres duidelik toon, moet ook aangeheg word.
3. 'n Ouer moet bewys lewer dat die leerder geïmmuniseer is teen polio, masels, tuberkulose, diphtheria, tetanus en hepatitis B.
4. 'n Leerder wat drie jaar ouer is as die norm ouderdom van leerlinge in sy graad, sal nie toegelaat word in daardie groep/graad nie.
5. Indien 'n leerder meer as eenmaal druipe in 'n graad/fase, sal so 'n leerder nie toegelaat word nie.
6. Wanneer na moontlike applikante gekyk word, word voorkeur gegee aan leerders in ons voedingsarea.



AANVANG EN VERDAGING VAN SKOOLDAG

AANVANG

- Daar lui in die oggend 2 klokke. Die eerste klok lui om 07:20. Alle hekke word gesluit. 'n Leerder wat buite die skoolterrein is, word beskou as laat en word slegs by die hoofhek ingelaat indien hy/sy vergesel word deur 'n ouer/voog.
- Die leerder én ouer/voog moet by Navrae aanmeld waar die leerder se naam aangeteken word. Indien 'n leerder 3 keer laat is, word die leerder gestraf met 'n detensie.
- 'n Tweede klok lui om 07:22. Leerders moet dan reeds ordelik aangetree wees sodat die VLR saam met die UR register kan neem.

MAANDAE (indien daar saalopening is)

- Leerders tree alfabeties aan vir saalopening in registerklasverband.
- Wanneer die klok om 07:40 lui, moet daar orde wees en neem die VLR saam met die Uitvoerende Raadslid onmiddellik register.

Graad 8 en 9

- Op grasperk voor die hoof se kantoor.

Graad 10 en 11

- By sydeure van saal.

Graad 12

- By agterste deure van saal.
- Leerders stap ordelik, flink en in rye die saal binne.
- Uitvoerende Raad is verantwoordelik vir orde. Elke raadslid vergesel die graad waarby hy/sy ingedeel is.
- Leerders bly stil en staan op wanneer die hoof en personeel die saal binnekom, sodat die godsdiensoefening in 'n gewyde atmosfeer kan plaasvind.

DINSDAE TOT VRYDAE

- **07:22** Tweede klok lui.
- Alle leerders moet reeds alfabeties en in registerklasverband aangetree wees in die vierkant.
- Daar moet nou orde heers. Die VLR saam met die UR-lid neem onmiddellik register.
- Leerders bly stil sodat daar met Skriflesing en gebed geopen kan word.
- Op Vrydae word geen leerder tydens registerperiode toegelaat om buite die klas rond te staan nie.

INHANDIGING VAN REGISTERS

- Nadat die register geneem is moet die VLR lede dit **ONMIDDELLIK** na die Uitvoerende Raadslid wat jaarliks hiervoor getaak is, neem.

VERDAGING AAN DIE EINDE VAN DIE DAG

- Leerders mag aan die einde van die dag, eers ná afhandeling van die afkondigings, afsluiting en die lui van die klok, om 13:30 verdaag.
- Daar word van die klasse verwag om absoluut stil te wees tydens afkondigings en afsluiting. Indien wanorde heers sal die klas as geheel teruggehou word, totdat die skuldiges geïdentifiseer en na behore gestraf is. Die skool sal in so 'n geval nie aanspreeklik gehou word vir enige vervoerprobleme van leerders nie.



AFWESIGHEDE VAN LEERDERS

1. ALGEMEEN

Indien 'n leerder afwesig is:

- 1.1. Ouers is verantwoordelik om die skool in kennis te stel.
- 1.2. Indien dit nie moontlik is vir die ouers om die skool te kontak nie, moet 'n brief of doktersertifikaat ingehandig word die dag wat leerder terugkeer na afwesigheid.
- 1.3. 'n Leerder, wie se ouers nie verskoning maak nie, word gestraf met 'n detensie.

2. TOETSE

- 2.1 Indien 'n toets na die tyd geskryf word, mag die punte nie tel nie.
- 2.2 Alleenlik 'n doktersbrief word aanvaar vir siekte. So 'n leerder kry dan 'n "a" (afwesig) vir die toets.
- 2.3 Leerders wat met toestemming nie 'n vraestel skryf nie, kry 'n "a" (afwesig). Toestemming sal slegs in uitsonderlike gevalle verleen word, indien daar vooraf 'n reëling met die hoof getref is.
- 2.4 Geen toetse mag vroeër as geskeduleer geskryf word nie.

3. EKSAMEN

- 3.1 'n Leerder wat voor die datum van 'n vraestel met vakansie gaan, kry 0% vir die betrokke vraestel.
- 3.2 Indien 'n leerder siek is, moet 'n geldige doktersbrief ingehandig word om 'n "a" (afwesig) te kry. By versuim om 'n doktersbrief in te handig, sal so 'n leerder kwalifiseer vir 0% vir die betrokke vraestel.
- 3.3 Begrafnisse van naasbestaendes tydens eksamen: Spesiale toestemming moet vooraf by die hoof verkry word.

4. GEDURENDE VERLOOP VAN SKOOLDAG

- 4.1 Indien 'n leerder vooraf weet dat hy 'n afspraak gedurende skoolure moet nakom, moet daar vroegtydig by navrae gereël word. So 'n leerder moet op die bepaalde tyd verskoning maak by die klasonderwyser en self by Navrae aanmeld.
- 4.2 Geen leerder sal oor die interkom geroep word nie.**
- 4.3 Indien 'n leerder gedurende die dag ongesteld raak, moet die leerder by Navrae aanmeld. Die skool sal die ouer dan kontak en 'n reëling tref. GEEN leerder mag sonder toestemming ouers bel nie.
- 4.4 'n Leerder mag nie die terrein verlaat alvorens hy nie 'n afwesigheidsbrief, van die kantoor, aan die VLR-lid in sy klas gegee het nie.
- 4.5 **ALLE** leerders wat die skoolterrein vóór die einde van die dag verlaat, moet deur 'n ouer/voog by Navrae uitgeteken word.

BASIESE NETHEIDSREËLS VIR SKOOLDRAG

Aan die begin van die jaar sal spesifieke bepalings in die netheidreëls in oorleg met VLR bespreek word. Enige veranderinge sal aan leerders deurgegee en toegepas word.

Leerders wat herhaaldelik, na waarskuwing, 'n netheidreël oortree sal gestraf word volgens die dissipline stelsel.



GRIMERING

- GEEN grimering van enige aard word toegelaat saam met skoolklere nie.
- Indien 'n dogter 'n velprobleem het, moet toestemming gevra word alvorens sy toegelaat sal word om onderlaag te gebruik, mits dit natuurlik lyk.
- Maak **BAIE SEKER** dat alle tekens van grimering wat die vorige aand gedra is, verwyder is voordat jy skool toe kom.
- Dit is baie moeilik om watervaste grimering te verwyder – moet asb. nie hierdie soort gebruik nie, aangesien dit nie as 'n verskoning aanvaar sal word nie.
- Geen gekleurde "lip ice/gloss".

HARE

Enige onsekerheid oor haarreëls moet eers met 'n personeellid op die bestuur bespreek word om te voorkom dat onnodige onkoste ondergaan word.

Dogters

1. Hare moet só vasgemaak word dat geen los hare in die nek of oor die kraag hang nie. **HARE MOET VASGEMAAK WEES IN EEN OF TWEE PONIESTERTE.** Hare mag nie uit poniestert getrek word en dan weer vasgemaak word nie. Poniesterte mag nie "gepluis" word en sodoende ongekam lyk nie.
2. As hare lank genoeg is om vasgemaak te word, moet dit netjies in 'n poniestert met 'n bottelgroen/ swart/ wit haarrekkie vasgemaak word.
3. Die grootte en hoogte van die poniestert/ bolla mag nie 'n obstruksie veroorsaak vir ander leerders in die onderrig en leer omgewing nie. Die lengte van die hare mag nie langer as die lae rug/ die soom van die baadjie wees nie.
4. Sodra hare onder enige omstandighede in die oë hang moet die kuif vasgesteek word. Lang kuiwe mag nie agter ore ingedruk word nie. Dit moet stewig met knippies vasgesteek wees indien dit nie saam met die poniestert in posisie bly nie.
5. Geen haarslierte word voor of agter die ore, of in die nek, toegelaat nie.
6. Hare mag slegs met reguit haar-paadjies gekam word - geen sig-sag of ander patrone of haarstyle nie.
7. *Sonstrepies mag kunsmatig ingesit word onder die volgende voorwaardes:*
 - 7.1 Dit moet by 'n professionele haarkapper in 'n salon gedoen word, aangesien 'n tuispoging nie altyd suksesvol is nie.
 - 7.2 Slegs 2 skakerings ligter as eie haarkleur word toegelaat.
 - 7.3 Indien die foeliemetode gebruik word, mag 'n maksimum van 10 dun strepies, verspreid oor die kop, ingesit word.
 - 7.4 Die eindproduk moet so natuurlik moontlik lyk.
 - 7.5 Donkerkoppe moet daarop let dat hulle 'n groter risiko loop om onnatuurlik te lyk.
 - 7.6 'n Leerder wat reeds strepe in haar hare het, mag nie weer nuwe strepe insit voordat die voriges nie uitgegroeï het nie.
 - 7.7 Indien 'n leerder se hare nie reg is nie, sal daar van die leerling verwag word om dit te laat regstel.
8. "African braids ("Box braids, Yaki braids etc.")"/ verlengstukke/ "cornrows"/ "Natural dreadlocks" is toelaatbaar onder die volgende voorwaardes.
 - 8.1 Slegs die volgende kleure word toegelaat: 1B (Swart), 2 (Donkerbruin)
 - 8.2 Enkele vlegsels mag nie uit die poniestert of broodjie gehaal word nie.
 - 8.3 "Straight backs" en "straight ups" moet vasgemaak word.
 - 8.4 Geen vlegsels mag uit die poniestert/bolla uitgetrek word en los hang nie.
 - 8.5 Geen wolverlengstukke of ander tipes haarstukke wat die hare onnodig vergroot word toegelaat nie.
 - 8.6 Die lengte van die hare mag nie langer as die lae rug/ die soom van die baadjie wees nie.



9. Slegs EENVOUDIGE haarbykomstighede SONDER VERSIERINGS, mag gedra word. (Geen kant-, diamant- of pêrelbykomstighede word toegelaat nie.)
10. Natuurlike afro-hare is toelaatbaar, mits dit uit die gesig gedra word met behulp van 'n haarband en nie aan die kraag raak nie.
11. Daar word verwag dat 'n skooldogter se hare NIE gekleur word nie. Dogters met 'n onnatuurlike haarkleur sal volgens skoolreëls gestraf word. Daar word vereis dat so 'n dogter haar hare sal regstel en dat hare wat uitgroeï, kort gedra sal word.

Straf: 2 detensies en 5 dae skorsing

(tensy daar 'n suksesvolle poging aangewend is om hare te reg te stel)

FINALE BESLISSINGS BERUS BY DIE HAARKOMITEE, BESTAANDE UIT DAMES-PERSONEEL

Slegs EENVOUDIGE haarbykomstighede SONDER VERSIERINGS, mag gedra word. (Geen kant-, diamant- of pêrelbykomstighede word toegelaat nie.)

- Swart, wit of bottelgroen rekkies.
- Swart, wit of bottelgroen haarlinte.
- Swart, wit of bottelgroen 'Alice bands'
- Klein swart, wit of bottelgroen 'scrunchies'.
- Klein swart, wit, bruin of silwer haar knippies of haarkammetjies.
- Bruin inskuifknippies.

SLEGS SPIERWIT BYKOMSTIGHEDE WORD TOEGELAAT. DIT MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE VUIL VERTOON NIE.

SEUNS

Aan die begin van die jaar sal spesifieke bepalings in die netheidreëls in oorleg met VLR bespreek word. Enige veranderinge sal aan leerders deurgegee en toegepas word.

1. Onkonvensionele haarstyle word nie toegelaat nie.
2. Hare moet te alle tye skoon, netjies en kortgeknip wees.
3. Lengte van hare mag nie 4 cm oorskry nie.
4. Indien hare "gegel" is, moet hare korter as 4 cm wees.
5. Daar word verwag dat 'n seun se hare NIE gekleur word nie. 'n Seun met 'n onnatuurlike haarkleur sal volgens skoolreëls gestraf word. Daar word vereis dat so 'n seun sy hare sal regstel en dat hare wat uitgroeï, kort gedra sal word.
6. "Mohawk" style moet minstens 5 cm breed wees by die smalste punt, agter die kop - geen pylpunte word agter die kop toegelaat nie.
7. Geen "Rastafarian dreadlocks" word toegelaat nie.
8. 'n Enkele paadjie kan in die hare gesny word, mits dit nie ekstreem is nie.
9. Geen patroon mag tot op vel gesny word nie.
10. Seuns moet geskeer wees.
11. Slegs motiveringsbriewe van 'n dermatoloog sal aanvaar word vir nie-skeer. Geloofstoegewings moet deur de geestelike leier gemotiveer en met die beheerliggaam uitgeklaar word.

Straf: 2 detensies en 5 dae skorsing

(tensy daar 'n suksesvolle poging aangewend is om hare te reg te stel)

FINALE BESLISSINGS BERUS BY DIE HAARKOMITEE, BESTAANDE UIT MANS-PERSONEEL



NAELS

- Die hoofbeginsel is netjiese en goedversorgde naels.
- Slegs graad 10 tot 12 dogters mag kleurlose naellak en/of 'French manicure' gebruik. Dit word aanbeveel dat "French Manicure" professioneel en op EIE naels gedoen word, sodat dit natuurlik lyk.
- Wit van naels mag nie langer as 2 mm wees as dit rond gevyl is nie.

JUWELE EN ANDER NIE-TOELAATBARE ITEMS.

1. Seuns mag GEEN juwele dra nie.
2. Dogters mag slegs een seëlring dra.
3. DOGTERS MAG GEEN HANGERTJIES, ARMBANDJIES OF ENKELBANDJIES DRA NIE.
4. Slegs eenvoudige, dienlike polshorlosies word toegelaat. Horlosies met helderkeurig of oormatige versierde bandjies, wat soos armbande vertoon, is ontoelaatbaar.
5. GEEN "vapes" (of toebehore wat daarmee verband hou) of enige tabakprodukte word toegelaat nie.
6. Oorbelle:
 - 6.1. Dun goud of silwer ronde ooringetjies wat sluit (grootte: nuwe R1-stuk) of klein "studs".
 - 6.2. Geen halfmane, diamante, pêrels of enige ander steentjies of vorms word toegelaat nie.
 - 6.3. Slegs een oorbel per oor in die onderste oorgaatjie op die oorlel.
 - 6.4. Naeltjie-, neus-, oog-, en/of tongringe is verbode. PLEISTERS OM SODANIGE GAATJIES TE VERBERG, WORD NIE TOEGELAAT NIE.
7. GEEN sigbare tatoeëring, "henna" of "mendhi" word toegelaat nie.

INDIEN 'N LEERDER WEL JUWELE DRA, SAL DIT GEKONFISKEER WORD. DIE LEERDER KAN DIT BY NAVRAE TERUGKOOP TEEN R50-00.

KLEREDRAGBELEID

INLEIDING

- Leerders wat nie by die kleredragbeleid hou nie, sal huis toe gestuur word om die regte drag aan te trek.
- Kleredrag vir leerders word afsonderlik vir seuns en dogters gespesifiseer.
- Enige verwysing na 'n kleur is die skakering van die kleur soos dit in die erkende skoolkleure aangetref word.
- Die groen kleurbaadjie en 'n das is verpligtend op Maandae.
- GEEN baadjie mag sonder 'n das gedra word nie.
- GEEN sweetpakbaadjie mag saam met skooldrag gedra word nie.

SKOOLDRAGREËLS EN DIE STRAWWE WAT MET OORTREDING VAN SKOOLDRAGREËLS GEPAARD GAAN, GELD OOK WANNEER 'N LEERDER BUIE DIE SKOOLGRONDE IN SKOOLDRAG IS.

SKOOLDRAG

1. SEUNS

Broeke:

- Slegs gryskortbroeke of lang grys skoolbroeke mag gedra word.
- Daar moet te alle tye 'n bruin of swart gordel met 'n gespe by die grys langbroek gedra word.
- Die gespe mag nie te groot of dekoratief wees nie.
- Broeke moet netjies gesoom wees en die soom moet aan die skoene raak.
- Broekspye mag nie nouer afgestik word nie.

Hemde:

- Wit kraaghemp met lang- of kortmoue.



- 'n Das moet by 'n hemp met 'n stywe kraag gedra word.
- Geen gekleurde of gedrukte (met motiewe) T-hemde mag onder die wit skoolhemp gedra word nie. Indien 'n wit T-hemp gedra word, moet 'n das gedra word.

Skoene:

- Onversierde gladdeleer swart skoene met veters, sonder enige gekleurde insetsels of blink gespes.
- Veters moet met 'n stewige strikkie vasgemaak word.
- Die Bronx-tipe skoen, sonder veters en gespes word toegelaat.

Kouse:

Grys, lang skoolkouse.

2. DOGTERS

Rokke of rompies:

- Groen rok of rompie volgens voorgeskrewe snit en lengte (Maksimum 15 cm bo grond as leerder kniel).
- Dogters wat 'n rompie dra, moet 'n "tank-toppie" wat onderklere bedek aantrek. 'n Das is NIE verpligtend nie, maar die "tank-toppie" / onderklere mag nie sigbaar wees nie.
- Rompies mag nie opgerol word om dit korter te maak nie.

Rompies mag nie nouer afgestik word nie.

Hemde:

- Wit kraaghemp met lang- of kortmoue. 'n Das moet by 'n hemp met 'n stywe kraag gedra word.
- Geen gekleurde of gedrukte (met motiewe) T-hemde mag onder die wit skoolhemp gedra word nie. Indien 'n wit T-hemp gedra word, moet 'n das gedra word.

Broeke:

- Slegs lang grys skoolbroeke mag gedra word.
- Broeke moet netjies gesoom wees en some moet aan skoene raak.
- Broeke mag nie te styf sit nie. Geen onderklere mag by langbroeke sigbaar wees nie.
- Skoene:
- Onversierde gladdeleer swart skoene met 'n enkele dun gespe of toeryg tipe met 'n lae platform.
- Veters moet in 'n stewige strikkie vasgemaak word.

Kouse:

- Kort wit skoolkouse wat een keer omgevou kan word.
- Grys lang kouse slegs met langbroeke.
- Die dogters mag lang swart "tights" by hulle skoolrokke dra. Die skool hou egter nie voorraad aan nie. Leerlinge moet dit self aankoop. Die woord "THIGHTS" moet op die verpakking wees. Geen gewone SYKOUSE sal toegelaat word nie.

ALGEMEEN

Baadjies:

- Groen skoolbaadjie met 'n gewone skoolwapen op sak.
- Slegs leerders wat toekennings verwerf het, mag sodanige balkies aanbring op die baadjies.

Truie:

- Groen skooltruie met gestreepte v-nek.

Oortrektruie:

- Groen skooloortrektruie met gestreepte v-nek/wit skooloortrektruie vir matrieks.
- Geen oortrektruie mag bo-oor skooltruie gedra word nie!



Dasse:

- Groen skooldas met skoolwapen vir alle leerders.
- Slegs eerstespanne mag gestreepte dasse dra.

Dasse is verpligtend:

- ☛ Wanneer die skoolbaadjie gedra word.
- ☛ Die das moet die hele dag gedra word.
- ☛ Indien 'n wit T-hemp onder 'n hemp gedra word, moet 'n das gedra word.

Serpe:

- GEEN SERPE mag gedra word nie.

Handskoene, Musse en Hoede

- Groen of swart handskoene kan op baie koue dae gedra word.
- Geen musse of hoede word toegelaat nie.

Oorfone:

- Die dra van oorfone saam met skooldrag is verbode.

PRESTASIE/EREKLEURE

Prestasie:

- Balkies, vir erkende prestasie in goud of silwer moet onder die skoolwapen op linkersy van skoolbaadjie aangebring word.

Erekleure

- 'n Goue skoolwapen wat in die plek van die gewone wapen gedra word, mag slegs aangebring word as EREKLEURE verwerf is.

Uitvoerende Raad:

- Voorgeskrewe omboorsel word aan die buiterand van die skoolbaadjie aangebring.
- Eerste spanne:
- Eerste spanne word toegelaat om op 'n Vrydag vóór 'n wedstryd, eerste span kleredrag aan te trek, mits dit vóór die tyd goedgekeur is. (Geen serpe)
- Hierdie voorreg sal verbeur word indien leerders afwyk van die aanvaarbare standaarddrag.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Atlete wat verkies is as provinsiale atlete mag dieselfde dra as spelers van “Eerstespanne”.

Provinsiale/Nasionale kleure:

- Mag toestemming vra om op Maandae te dra.
- Geen grimering word toegelaat nie.

Lapelwapens

Alle Top 10 akademiese balkies wat verwerf is, mag gedra word, ongeag die jaar waarin dit toegeken is.

Alle ANDER lapelwapens mag slegs gedra word in die jaar wat dit toegeken is.

Indien die toekenning eers in die vierde kwartaal verwerf is, mag dit nog in die volgende jaar gedra word.

SPORTDRAG

Alle ondersteuners by sportgeleenthede moet volledige skooldrag dra. **GEEN PRIVAATDRAG WORD BY SPORTGELEENTHEDE TOEGELAAT NIE.** Hierdie reël geld ook vir alle toeskouers en by **ALLE** sportsoorte.



ATLETIEK (SEUNS EN DOGTERS)

- Vir deelname: 'n Skool-atletiekfrokkie saam met 'n swart skool-atletiekbroeke / skool-hardloopbroeke (poly-short) / 'n skool-“ski-pant”
- Die swart atletiekbroeke/hardloop-broeke moet oor die ski-pant gedra word wanneer die atleet nie deelneem nie.
- Die HPR-hemp mag slegs gedra word wanneer 'n atleet nie op daardie stadium deelneem nie.
- Saam met atletiekdrag dra atlete tekkies en kort wit kouse. (Geen plakkies)
- **SLEGS DIE SKOOLSWEETPAK MAG SAAM MET SPORTDRAG GEDRA WORD.**

WINTERSPORT

RUGBY

Broeke:

- Wit broeke vir die eerste en tweede spanne.
- Swart broeke vir alle ander spanne.

Kouse:

- Groen gestreepte rugbykouse moet self aangekoop word.
- Eerste spanne dra kouse soos bepaal deur afrigters.

Truie:

- Word deur die skool voorsien.

1. NETBAL EN HOKKIE

- Geborgde drag word by alle spanne gedra.
- Kouse soos bepaal deur afrigters.

TENNIS

- HPR-Hemp saam met broek of romp soos deur afrigter goedgekeur.

KRIEKET

- Krieket langbroeke met HPR-hemp en wit kortkouse.

GHOLF

- Klere word jaarliks deur afrigter saam met die span bepaal.

OEFENDRAG

- Gemaklike oefendrag mag na sportoefeninge gedra word, maar moet dienlik en nie gewaagd wees nie.
- Kleredrag moet nie die leerder belemmer tydens oefeninge nie.
- Geen onderklere mag sigbaar wees nie.

BORGE

- Alle sportspanne mag geborg word.
- Slegs eerstespanne mag versoeke vir borgskappe rig en sal deur die hoof goedgekeur en gekoördineer word.
- Wedstryddrag en borge se name sal deur die hoof goedgekeur word.
- Alle borgskappe moet aan die beheerliggaam bekend gemaak word.
- Enige kontant moet in die skoolfonds inbetaal word, sodat die hoof die aanwending daarvan kan kontroleer.
- Borge se name mag op die regterbors of op die rug van wedstryddrag aangebring word.



DRAG TYDENS NA-UURSE VERPLIGTINGE.

DETENSIE EN GEMEENSKAPSDIENS

Leerders dra skooldrag tensy anders gereël.

AFSPRAKE MET HOOF OF BESTUURSRAAD

Skooldrag

SKOOLUITSTAPPIES

- Leerders kan, op versoek, die groen HPR-hemp en lang denim met tekkies skool toe dra indien hulle in skooltyd of direk na skool vertrek.
- Die enigste alternatief is die groen HPR-hemp met 'n skoolbaggie of die volle skoolsweetpak met tekkies.
- Indien dit koud is, mag 'n leerder 'n skooltrui dra.
- Geen ander baadjies word toegelaat nie. **GEEN PLAKKIES!**

PRIVAATKLERE VIR DOGTERS

Hierdie reëls geld vir alle geleenthede waarheen privaatklere gedra word.

“TOPPIES”

- NB: Slegs toppies waarby onderklere gedra kan word.
- Maag mag nie uitsteek nie (ook nie by 'n “hipster” nie).
- Mag nie met 'n bikini-bostuk vervang word nie.
- Mag nie gewaagd wees nie (dit wil sê die “cleavage” mag nie sigbaar wees nie).
- Geen onderklere mag sigbaar wees nie.
- Geen afskouer-toppies mag gedra word nie.
- Geen hempies met “shoe string” bandjies word toegelaat nie.
- Dit geld ook vir sonrokke.

BROEKE

- Beperking op lengte: dieselfde reël geld as vir skoolrokke. Kortbroeke mag nie meer as 15 cm bo die grond wees as leerder kniel nie.
- Dra langbroek van jou grootte en nie 'n té klein nommer nie. Geen onderklere mag sigbaar wees by langbroeke nie.
- Geen “ski-pants” of “tights”. Indien “leggings” of “jeggings” gedra word, moet 'n lang toppie oor heupe en boude gedra word.

SWEMDRAG

Geen bikini of gewaagde kostuum word toegelaat sonder 'n T-hemp wat bo-oor gedra word nie.

ALGEMEEN

- Matige grimering word toegelaat
- **NB: GRAAD 8 - GEEN GRIMERING!**
- Hare mag los gedra word, mits dit NETJIES is.
- Smaakvolle juwele word toegelaat - binne perke. Slegs enkel oorbelle in onderste gaatjie van die oorlel mag gedra word.
- Indien rokkies of rompies gedra word, geld dieselfde reël as vir skoolrokke. 15 cm bo die grond as die leerder kniel.
- Plakkies mag saam met privaatdrag gedra word.
- Aandrokke/drag: Geen gewaagde, stywe, té kort of deurskynende klere word toegelaat nie.

DIE NETHEIDSKOMITEE HET DIE REG OM TE BESLIS WAT WELVOEGLIK EN TOELAATBAAR



VERVOER VAN LEERDERS NA BUIE-MUURSE AKTIWITEITE

- Die skool neem verantwoordelikheid vir die vervoer van leerders vir alle sportsoorte en kultuuraktiwiteite, waarby die skool betrokke is, op liga-vlak en tot by die finale proewe.
- Indien 'n leerder gekies word vir 'n provinsiale span, sal die leerder verantwoordelik wees vir eie vervoer na oefeninge, wedstryde/kompetisies.
- Indien daar ook 'n onderwyser betrokke is by die aktiwiteit, kan vervoer moontlik voorsien word.

PLIGTE VAN GRAAD 8-LEERDERS:

'N GRAAD 8-LEERDER VAN HOËRSKOOL PIET RETIEF:

1. Groet onderwysers, volwassenes en meerderes eerste.
2. Is lojaal en neem met groot entoesiasme deel aan alles wat die skool hom/haar bied.
3. Ken die onderwysers en weet waar hul klaskamers is.
4. Ken die name van die Uitvoerende Raadslede en die graad 12's.
5. Ken die skoollied.
6. Ken die skoolreëls en eerbiedig dit.
7. Dra kwartaal 1 'n identiteitskaartjie.
8. Neem aan die groentjekonsert deel.
9. Dra 'n das sonder 'n baadjie totdat die Graad 8 reëltoets geslaag is.
10. Woon alle byeenkomste wat deur die skool aangebied word by en meld by die Uitvoerende Raad aan om teenwoordig gemerk te word.
11. Is verantwoordelik vir die opruiming van die terrein na funksies en gedurende pouses.

GEHOORSAAM GEDURENDE DIE EERSTE TWEE WEKE DIE VOLGENDE REËLS, SOOS DEUR DIE UITVOERENDE RAAD BEPAAL:

1. Dra van 'n duidelike naambord.
2. Seuns dra geen gel in hare nie tensy anders deur die UR bepaal.
3. Meisies met lang hare moet dit volgens voorskrif vasmaak.
4. Dra 'n skoolbaggie en HPR gholf hemp saam met tekkies.

SELFONE

1. 'n Leerder is nie veronderstel om 'n selfoon skool toe te bring nie.
2. DIE SKOOL AANVAAR GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR DIEFSTAL VAN SELFONE NIE.
3. Indien 'n selfoon deur die dag benodig word (bv. vertrek gedurende die skooldag na sportbyeenkomste of ander aktiwiteite) moet die selfoon vóór skool in 'n sluitkassie toegesluit word.
4. Geen leerder mag direk sy/haar ouers bel nie en geen selfoon mag in die besit van 'n leerder wees nie. Dit sluit in klastyd, voor skool en pouses.
5. Indien bogenoemde reëls oortree word, sal die selfoon gekonfiskeer word.
6. Boete: R300/sim-kaart en selfoon word vir een maand in die kluis gebêre.
7. Geen leerder mag tussen periodes 'n selfoon gebruik wat in 'n sluitkassie toegesluit is nie.

TASSE

- Alle leerders is verplig om die HPR-standaardtas met skoolwapen te gebruik.
- Slegs 'n leerder se naam mag klein en netjies op die tas aangebring word.
- Geen graffiti of Tippex mag op tasse gebruik word nie. 'n Leerder kan verplig word om 'n nuwe skooltas te koop indien dit wel die geval is.
- GEEN rugsakke of tasse met wietjies word toegelaat nie, tensy toestemming verleen is.



- GEEN handboeke word aan 'n leerder uitgereik indien sy/haar tas nie aan hierdie riglyne voldoen nie.
- Tasse word vóór skool en wanneer pouse aanbreek, by die klas waar die leerder die eerste periode of die periode na pouse gaan wees, geplaas.
- Leerders wat hulle tasse op ongeoorloofde plekke laat, sal detensie kry.
- Leerders dra tasse saam na elke klas.
- Tasse word netjies buite die toetslokaal gelaat tydens toetsperiodes.
- Leerders moet geen waardevolle items of geld in tasse laat nie.

NETHEID VAN TERREIN EN SKOOLGEBOU

- Geen rommelstrooi of beskadiging van skoleiendom word toegelaat nie.
- Die netheid van ons skool is almal se verantwoordelikheid.
- Geen krap of enige grafitti met enige vorm van penne of skerp voorwerpe, op banke, mure, deure, ruite, ens. word geduld nie!
- Geen klim, klouter en skop teen of op mure word toegelaat nie.

Bogenoemde oortredings word beskou as beskadiging van skoleiendom en is strafbaar met 'n boete van ten minste R100.

- 'n Leerder word finansiële aanspreeklik gehou vir die herstel van skoleiendom (bv. ruite, banke, stoele, ens.) wat deur die leerder gebreek is. Moedswilligheid sal ondersoek word.
- **ROMMELSTROOIERS SAL VERVOLG WORD EN MET R50 BEBOET WORD!**
- Geen koeldrank, lekkers of enige ander eetgoed word in die skoolsaal of enige klaskamers toegelaat nie.
- Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie, aangesien dit orals vasgeplak en neergegooi word. (Onmiddellike detensie)

KAFETERIA

- Geen luidrugtigheid word in die Kafeteria toegelaat nie.
- Geen leerder word tydens klasperiodes in die Kafeteria toegelaat nie.
- Slegs Graad 11 en 12 leerders mag gedurende pouses by tafels sit.
- Graad 12 leerders wat in matriek twee of minder strafpunte teen hulle naam het, mag gedurende toesigperiodes in die Kafeteria sit.

SLUITKASSIES

- Sluitkassies is by die skool beskikbaar.
- Dit word op 'n jaarlikse basis verhuur, vanaf Januarie tot November.
- Pryse hiervoor is beskikbaar by die finansieskantoor.
- Alle leerlinge wat sluitkassies gehad het, moet heraanzoek doen in die nuwe jaar.

AKADEMIESE VAKKE

ADDISIONELE VAKKE

- 'n Leerder moet 'n gemiddeld van ten minste 70% handhaaf om een addisionele vak te mag neem, en 'n gemiddeld van 75% en hoër, indien meer addisionele vakke geneem wil word.
- 'n Leerder moet aansoek doen en motiveer indien meer vakke geneem wil word.
- Indien daar bevind word dat 'n leerder se prestasie in die keuse vakke verswak, sal leerder nie verder toegelaat word om addisionele vakke te neem nie.

VAKVERANDERINGS GRAAD 10-11

- Aan die einde van die jaar (\pm 2 weke voor eindeksamen) Hierdie verandering tree dan die volgende jaar in werking.



- Albei onderwysers betrokke, ouer/voog, asook Adjunkhoof, moet toestemming verleen, voordat 'n leerder 'n vak mag verander.
- Die toepaslike vorms moet voltooi word en by die onderwyser verantwoordelik vir administrasie ingehandig word.
- Dit is die verantwoordelikheid van die LEERDER, om self agterstallige werk in te haal ten einde sy portefeulje in die nuwe vak volledig te kry.
- Enige ander vakveranderings sal in uitsonderlike gevalle op meriete oorweeg word.

DIT IS NIE WENSLIK VIR 'N GR 12-LEERDER OM ENIGSINS VAKKE TE VERANDER NIE.

GRAAD 9-VAKKEUSE

- Leerders moet alle keusevakke vir Graad 10 met 40% of meer slaag aan die einde van Graad 9.
- In sekere vakke word leerders gekeur op prestasie in Graad 9.
- 3. 'n Gr 9- leerder moet 'n jaarpunt van ten minste 40% in Wiskunde behaal om in Gr 10 Wiskunde te neem, 'n jaarpunt van ten minste 35% in Wiskunde behaal om in Gr 10 Tegniese Wiskunde te neem en 'n jaarpunt van ten minste 50% in Wiskunde behaal om Fisiese Wetenskap of IT in Gr 10 te neem.

AKADEMIESE STRAWWE

GRAAD 8 TOT 12

- Indien 'n leerder in 'n vak drie keer op akademiese gebied oortree het (huiswerk of nasorg nie gedoen nie, boeke vergeet, werk nie ingeplak nie, toetse nie geteken nie, ens.) word die leerder se naam in die dissiplinestelsel ingelees en ontvang so 'n leerder 'n gemeenskapsdiens.
- Die vierde keer word die leerder gewaarsku. Die vyfde keer word sy naam weer ingelees en ontvang die leerder 'n gemeenskapsdiens, en daarna elke keer weer.
- Indien 'n leerder nie in die kwartaal sy strawwe voltooi het nie, moet dit gedurende die eksamentyd gedoen word.

AFSKRYF VAN WERK

- Afskryf en ongemagtigde kopieëring van 'n ander leerder se werk, word beskou as ernstige wangedrag (klas 3-oortreding).
- Beide die deler en steler word gestraf.
- Die skuldiges kry 0% indien daar punte gegee is vir so 'n werkstuk.

ALGEMEEN

- Leerders begin elke nuwe kwartaal met 'n skoon rekord.
- 'n Onderwyser teken in 'n leerder se skrif aan indien 'n akademiese oortreding begaan is.
- Indien 'n leerder afwesig was, moet die werk so spoedig as moontlik ingehaal word en aan die betrokke onderwyser getoon word, andersins word dit beskou as 'n akademiese oortreding.

DIT IS DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N OUER OM OP GEREELDE BASIS SY KIND SE BOEKE NA TE GAAN.

EKSAMENS EN TOETSE

1. Leerders sit op die plek wat deur die toesighoudende onderwyser aan hom toegewys word.
2. 'n Leerder moet ten minste 15 minute voordat 'n eksamensessie in aanvang neem, by die lokaal wees. Geen ekstra tyd word verleen, indien 'n leerder laat is, sonder 'n geldige verskoning nie.



3. Daar word van leerders verwag om stil te bly wanneer vraestelle uitgedeel word. Onvanpaste gedrag sal, net soos in die geval van oneerlikheid, met groot erns bejeën word. Leerders wat nie skryf nie, moet stil wees en aangaan met huiswerk.
4. Dit is die verantwoordelikheid van 'n leerder om te kontroleer of die korrekte vraestel ontvang is.
5. GEEN kommunikasie hoegenaamd word tussen leerders toegelaat wat in besit van 'n vraestel is nie. GEEN rondkykery sal geduld word nie.
6. Alle eksamenbenodigdhede moet tydens die skryf van 'n vraestel byderhand wees. Niks mag oor en weer geleen word nie. 'n Leerder moet voorsiening maak vir 'n ekstra pen.
7. GEEN Tippex mag gebruik word nie. Indien 'n fout begaan is, word die fout met 'n liniaal en pen netjies deurgehaal en gekorrigeer.
8. Indien 'n leerder oneerlik in 'n eksamen is, word die leerder se antwoordstel onmiddellik ingeneem en word hy/sy van 'n nuwe antwoordstel voorsien sonder dat enige ekstra tyd toegestaan word. Die voorval word direk na afloop van die sessie by die hoof aangemeld. Indien die leerder skuldig bevind word sal die leerder 'n nul ontvang vir die betrokke vraestel.
9. GEEN leerder mag die eksamenlokaal verlaat voordat 'n eksamensessie verstryk het nie, tensy daar vooraf met die hoof gereël is.
10. 'n Leerder sal slegs in uiterste noodgevalle toegelaat word om die eksamenlokaal te verlaat. So 'n leerder sal begelei word deur 'n onderwyser, waar moontlik.
11. Sien "afwesighede van leerder" vir reëls in verband met afwesighede tydens eksamens.
12. Alle netheidsreëls geld gedurende eksamen. By oortreding van 'n reël, moet leerder eers die saak regstel, voordat 'n vraestel aan hom/haar gegee sal word. Geen ekstra tyd sal toegestaan word nie.
13. 'n Leerder mag nie in besit van 'n selfoon/"Smart watch" wees, terwyl eksamen geskryf word nie. 'n Leerder wat hom/haar hieraan skuldig maak, word as oneerlik beskou en daar sal dienooreenkomstig teen so 'n leerder opgetree word. Selfone moet in sluitkassies toegesluit wees.
14. Geen eet- of drinkgoed word in die lokaal toegelaat nie.
15. Geen pennesakkies/blikkies word in eksamenlokaal toegelaat nie. Leerders moet alles wat nodig word gedurende eksamensessie bo-op tafel plaas.



DISSIPLINÊRE STELSEL

1. INLEIDING

Die skoolreëls word in groepe van vergelykbare strawwe geklassifiseer, om sodoende die reëls en strawwe te vereenvoudig tot 'n maklik werkbare stelsel, waarin strawwe met mekaar vergelykbaar kan wees. Die puntstelsel maak dit verder moontlik om alle oortredings in ag te neem en sodoende die leerder se algemene ingesteldheid jeens die skool te kan peil.

ALLE SKOOLREËLS GELD INDIEN 'N LEERDER IN SKOOLDRAG GEKLEE IS OF DEEL UITMAAK VAN 'N GEORGANISEERDE UITSTAPPIE OF TOER

2. KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS

2.1. UITERSTE WANGEDRAG (Klas 4)	K R I M I N E E L O O R T R E D I N G	V E R V O L G B A R E
2.2. ERNSTIGE WANGEDRAG (Klas 3)	Aanranding, Afskryf, Diefstal, Drank en/of dwelms Gevaarlik optrede, Gevaarlike voorwerpe, Grafitti, Kleredrag en netheid, Leuens, Liefkosing, Mis detensie, Onaanvaarbare taalgebruik, Oneerlikheid, Liefkosing, Ongemanierdheid, Ontgroening, Ontoelaatbare afwesigheid, Opstandigheid, Pligsversuim, Pornografie, Rommelstrooi, Baklei, Verbreking van skorsing, Swak gedrag, Vandalisme, Rook, Viktimisasie, Afknouery	
2.3. WANGEDRAG (Klas 2)	Gevaarlik optrede Aanranding, Afskryf, Baklei, Diefstal, Drank en/of dwelms, Gevaarlike voorwerpe, Grafitti, Kleredrag en netheid, Leuens, Liefkosing, Mis detensie, Onaanvaarbare taalgebruik, Oneerlikheid, Liefkosing, Ongemanierdheid, Ontgroening, Ontoelaatbare afwesigheid, Opstandigheid, Pligsversuim, Pornografie, Rommelstrooi, Verbreking van skorsing, Swak gedrag, Vandalisme, Rook, Viktimisasie, Oneerlikheid, Afknouery	
2.4. MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS (Klas 1)	Afskryf, Kleredrag en netheid, Laat, Ontoelaatbare afwesighede, Opstandigheid, Pligsversuim	

BOGENOEMDE IS TIPIESE VOORBEELDE

ENIGE OORTREDING KAN IN ENIGE KLAS BEOORDEEL WORD AFHANGENDE VAN DIE ERNS VAN DIE OORTREDING EN OMSTANDIGHEDE WAARIN DIT PLAASGEVIND HET

3. UITSLUITING

Uitsluiting word slegs gegee vir volgehoue of ernstige wangedrag.

3.1 TYDELIKE UITSLUITING

'n Leerder word die skool belet vir die betrokke tydperk nadat daar met sy ouers geskakel is en die ouers skriftelik in kennis gestel is in dié verband. Dit sal die leerder se eie verantwoordelikheid wees om werk wat gemis word, in te haal.

So 'n leerder moet wel geskeduleerde toetse kom skryf.

3.2 PERMANENTE UITSLUITING

Permanente uitsluiting behels dat die leerder vir 'n tydperk van 5 skooldae nie skool of enige skoolaktiwiteite mag bywoon nie, hangende 'n aansoek by die betrokke departement om die leerder verdere toelating tot die skool te weier. Indien sodanige uitsluiting afgekeur word, sal die leerder geregtig wees om wel klasse by te woon, maar mag dan aan geen ander skoolaktiwiteite deelneem nie.



4. OORTREDINGSGEWIGTE EN STRAWWE

Daar sal onderskeid getref word tussen detensie en gemeenskapsdiens. Detensie sal voortaan gegee word vir gedragsprobleme. Die sessie sal onder streng voorwaardes plaasvind met geen toegewings soos bv. die doen van huiswerk nie. Gemeenskapsdiens sal gegee word vir minder ernstige oortredings, asook huiswerk wat nie gedoen is nie. Hierdie straf sal hanteer word as 'n sessie waartydens 'n leerder huiswerk mag doen, indien daar nie 'n sinvolle geleentheid is vir gemeenskapsdiens nie. Hierdie strawwe sal plaasvind op Woensdae of Vrydae van na skool tot 16:00. Leerder teken erkenning vir ontvangs van strafbrief. Dit is 'n leerder se plig om die brief aan ouers te gee. 'n Leerder (of ouer) het slegs 7 dae vanaf datum van strafbrief ontvang is, om straf te betwis.

OORTREDING/STRAF/PUNT			
Klas 4 x 1	Klas 3 x 1	Klas 3 x 2	Klas 3 x 3
Moontlike uitsluiting 15 per oortreding	Moontlike oueronderhoud 2 detensies 5 per oortreding	Onderhoud met ouers 1 week uitsluiting 5 per oortreding	Permanente uitsluiting 5 per oortreding
Klas 2 x 1	Klas 2 x 2	Klas 2 x 3	Klas 2 x 4
1 detensie 2 per oortreding	2 detensies Onderhoud met ouers 2 per oortreding	2 x Detensies Onderhoud met ouers Uitsluiting vir 2 dae 2 per oortreding	1 week uitsluiting Permanente uitsluiting 2 per oortreding
Klas 1 x 1	Klas 1 x 2	Klas 1 x 3	
Waarskuwing 1 per oortreding	Waarskuwing 1 per oortreding	Ondersoek moedswilligheid 1 per oortreding	

BOGENOEMDE IS 'N BASIESE AANDUIDING – STRAWWE WORD BEPAAL DEUR DIE AARD VAN DIE OORTREDING ASOOK DIE FREKWENSIE, ENS.

5. PUNTESTELSEL

5.1 BEPALING VAN PUNTETELLING

Alle punte wat vir oortredings aan 'n leerder toegeken word, tel saam om die leerder se totale punt te bepaal. Punte vir vorige oortredings word na die volgende tydperke buite rekening gelaat:

Ernstige wangedrag = 12 Maande

Wangedrag = 6 Maande

Minder ernstige oortreding = 3 Maande

5.2 BEPERKINGS

Indien 'n leerder se puntetelling sekere maksimums oorskry, sal die volgende beperkings van toepassing wees:

PUNT/ BEPERKING

10 of meer

- Nie verkiesbaar as 'n lid van die Uitvoerende Raad of vir enige leiersposisie nie. Bestaande UR-lede word onthef.

15 of meer

- Geen sosiale geleentede mag bygewoon word nie.

30 of meer

- Mag geen buitemuurse skoolaktiwiteite bywoon of daaraan deelneem nie, hangende 'n aansoek om permanente uitsluiting.



5.3. BOETES

- Selfone of enige ander ontoelaatbare toestelle bv. “vapes” = R300/ simkaart en selfoon word vir een maand in kluis gebêre.
- Rommelstrooi = R50
- Vandalisme = R100 plus koste om skade te herstel
- Ongeoorloofde juwele = R50
- Verlore handboeke = R300. **(Dit is die vervangingskoste van ‘n handboek.)**

6. DISSIPLINE IN KLAS

Wedersydse respek tussen opvoeders en leerders is nie onderhandelbaar nie.

KLASREËLS

1. Leerders moet in die klas wees voor die afsnyklok tussen periodes lui.
2. Stap netjies en rustig in klasse in en bly stil.
3. Junior leerders (gr 8 & 9) moet by hul banke staan en wag vir toestemming van die onderwyser voordat hulle gaan sit.
4. Groet die onderwyser aan die begin en die einde van 'n periode.
5. Geen leerder mag 'n klas ontwrig of sonder rede opstaan in die klas nie.
6. Leerders moet aan die einde van 'n periode bly sit, wag vir die tweede klok en stilbly totdat afkondigings afgehandel is.
7. Leerders mag eers staan en die klas verlaat nadat die tweede klok gelui het.
8. Leerders mag nie tyd mors deur na die toilette te gaan gedurende die ruil van periodes nie.
9. Leerders moet regop sit en nie terugleun of op hul arms lê nie.
10. Niemand mag praat of geluide maak terwyl 'n onderwyser of 'n medeleerder praat nie.
11. Slegs Afrikaans of Engels mag in klasse gepraat word. Geen ander tale word toegelaat nie.
12. Leerders moet hul hande opsteek en wag vir toestemming van die onderwyser om te mag praat.
13. Geen negatiewe aanmerkings of uitlatings mag gemaak word nie, veral nie wanneer dit op medeskoliere of personeel van die skool gemik is nie.
14. Daar mag glad nie in die klas geëet of gedrink word nie. Nie eers water nie.
15. Leerders mag nie hul hare kam of enige toiletware (spuitgoed, room of lipsalf) in die klas gebruik nie.
16. Leerders is verantwoordelik om banke en klasse skoon en netjies te hou. Geen rondgooi of -skiet van papiere nie.
17. Geen persoonlike briefies/notas mag in klastyd geskryf word nie.
18. Elke leerder moet sy of haar eie skryfbehoeftes gebruik.
19. Geen leerder mag Tippex of permanente viltpenne gebruik of in hul besit hê nie.
20. Daar mag nie op mure, vensters en banke geskryf word nie. Geen vandalisme of graffiti sal geduld word nie.
21. Alle leerders moet die korrekte skooltasse hê en moet dit na die onderskeie klasse neem. Tasse moet voor skool en gedurende pouses voor die volgende klas neergesit word.
22. Tasse moet netjies teen die muur of in 'n netjiese ry aan die kant van die stoep gepak word.
23. Leerders is verantwoordelik vir huiswerk en inhaal van enige werk wat gemis word as gevolg van afwesigheid.
24. Leerders sal gestraf word met gemeenskapsdiens vir drie of meer kere se huiswerk nie gedoen nie, per kwartaal.
25. Geen leerder mag die klas sonder toestemming verlaat nie.
26. Geen selfone word in die klas toegelaat nie



7. DISSIPLINÊRE PROSEDURES:

1. Leerders wat hul wangedra of die klas ontwrig, word na dissiplineklas gestuur. Dit sluit onder andere in: ondermyning van gesag, bakleiery of die weiering om opdragte uit te voer, ens. LET WEL: 'n Leerder wat weier om 'n klas te verlaat kry onmiddellik twee detensies.
2. **Drie oortredings:**
1 x detensie word uitgereik.
3. **Vier oortredings:**
1 x detensie word uitgereik en leerder word verwys na die dissiplinêre graadhoof.
4. **Vyf oortredings:**
2 x detensies word uitgereik en leerder word verwys na die dissiplinêre span vir 'n moontlike oueronderhoud.
'n Pienk kaartjie word uitgereik.
5. **Ses oortredings:**
Leerder word verwys na die dissiplinêre span vir moontlike uitsluiting.

GEORGANISEERDE WEGBLY-AKSIES

'n Leerder wat aan enige georganiseerde wegbly-aksie wat die skool ontwrig, deelneem, bv. Nasionale bankdag / "forty days", is strafbaar met 2 detensies en kan vir die res van die jaar die voorreg ontnem word om sosiale aktiwiteite by te woon.

PIETIE-MANIERE

'N LEERDER VAN HOËRSKOOL PIET RETIEF:

1. Toon respek teenoor sy/haar meerderes en minderes.
2. Bly stil terwyl die hoof (veral gedurende opening) of 'n onderwyser praat.
3. Gee voorkeur aan personeel op stoepe.
4. Stap nooit voor 'n onderwyser by die deur in nie.
5. Staar op, kyk meerderes (onderwysers of besoekers) in die oë en groet vriendelik.
6. Kommunikeer met mekaar op 'n beskaafde wyse. Skree nie oor en weer nie.
7. Staar nie voor die hoof se deur terwyl die hoof reeds 'n ander leerder of besoeker spreek nie.
8. Kom geensins in die personeelkamer nie.
9. Skooldragreëls geld ook in die dorp.
10. Loop nie met oorfone en musiek luister, ongeag by die skool of elders, wanneer hy/sy skooldrag/sportdrag aanhet nie.
11. Geen deel van skooldrag word OOK saam met gewone drag gedra nie, hetsy by die skool/buite skool of na ure.
12. Kou nie kougom by die skool nie.
13. Het geen fisieke kontak met vriend of vriendin terwyl hy/sy skooldrag aan het nie.
14. Bly stil as die hoof en personeel die saal binnestap.
15. Voorportaal word nooit vir kortpad gebruik nie.
16. Staar op aandag terwyl die skoollied of volkslied gesing word.



KLASWISSELING, AFWESIGHEID UIT KLAS EN POUSE

KLASWISSELING

1. Daar lui 'n waarskuwingsklok 1 minuut voor die einde van die periode. Hierdie klok is 'n aanduiding vir die onderwyser om die les af te sluit. Leerders bly gedissiplineerd STIL en luister as daar afkondigings is.
2. *NB: Geen leerder word toegelaat om op te staan voordat die tweede klok gelui het nie.*
3. Leerders verlaat die klas ordelik aan die einde van 'n periode wanneer die tweede klok lui en beweeg flink langs die KORTSTE roete na die volgende klas. Daar mag nie oor gras beweeg word nie. SEMENTPAADJIES moet gebruik word.
4. Leerder moet aan die LINKERKANT van die stoepe en trappe, in enkel gelid, beweeg. Voorrang moet aan onderwysers verleen word.
5. Leerders gaan onmiddellik die lokaal binne en vertraag sodoende nie die verkeer nie.
6. Na die lui van die tweede klok aan die einde van 'n periode, word 3 minute toegelaat vir klaswisseling, waarna daar 'n derde klok lui. Indien 'n leerder na die lui van die derde klok by die klas opdaag, word dit as laatkom geag.
7. Indien die leerder opgehou is, moet daar 'n briefie van die hoof of onderwyser getoon kan word.

AFWESIG UIT KLAS

Geen leerder mag na klaswisseling buite die klas rondbeweeg sonder toestemming nie. Leerders mag nie twee-twee 'n klas verlaat, gedurende 'n lesperiode nie.


POUSES

- Pouses neem in aanvang met die lui van die 2de klok nadat die afkondigings gedoen is.
- Pouse-afsprake moet so vinnig as moontlik nagekom word, sodat alle betrokkenes nog geleentheid tot pouse het.
- GEEN leerders word gedurende pouse sonder toesig in klaskamers toegelaat nie.
- Verbode terrein: Sien ingeslote terreinplan vir verbode gebiede:
 - Die boonste stoepe en trappe asook die onderste stoep voor kamer 35 en die gang tussen kamer 45 en 46.
 - Grasstrook agter die rekenaarsentrums en aangrensende klasse.
 - Sportterrein. Die teerpad agter die kafeteria word beskou as grenslyn.
 - Voor die skool.
- Niemand word tydens pouse by die fietse, motorfietse of motors toegelaat nie.
- Handevashou en liefkosings word nie toegelaat tydens pouse nie.
- Aan die einde van pouse lui daar 'n waarskuwingsklok en 2 minute daarna weer 'n klok waarna leerders onmiddellik na klasse beweeg. Die 3 minute reël geld.



TERREINPLAN

Gemerkte areas is verbode terein voorskool en tydens pouse



REÛLS BY SOKKIES OF SOSIALE GELEENTHEDE IN SAAL

- Geen sakke, eetgoed of drinkgoed mag in die saal ingeneem word nie.
- Leerders se kleredrag wat nie in ooreenstemming met die skoolreëls is nie, sal huis toe gestuur word. Dit berus by die personeellid aan diens om te besluit of klere onvanpas is.
- Hekke word gesluit met aanvang van die geleentheid. Laatkommers word nie ingelaat sonder 'n geldige rede nie.
- Leerders word eers ná afloop van die geleentheid toegelaat om huis toe te gaan, tensy 'n reëling voor die tyd met die personeellid aan diens getref is.

GRAAD TWAALFS

1. 'n Graad 12-leerder wat aan enige georganiseerde wegbly-aksie, wat die skool ontwig, deelneem (bv. "forty days"/ nasionale bankdag) is strafbaar met twee detensies en kan van die voorreg om die matriekafskeid by te woon, ontnem word.
2. 'n Leerder kan verwyder word van die Matriekafskeidgastelys indien daar meer as 10 strafpunte teen sy/haar naam is.
3. **NETHEIDSREÛLS NÁ DIE MATRIEKSAFSKEID:**
 - 3.1. Alle hare moet reggestel wees, volgens skoolreëls na die Oktobervakansie.
 - 3.2. Dogters word daarop gewys dat dit baie moeilik is om onnatuurlike haarkleure of strepe in hare, reg te stel.
 - 3.3. Naels van dogters moet reggestel wees na die Oktobervakansie. Die gewone skoolreëls t.o.v. naels geld. Die volgende toegewing word gemaak: Naels wat "gefrench manicure" is of "tips" ophet, mag 3mm lank wees.
 - 3.4. Alle netheidreëls geld totdat laaste vak in eindeksamen geskryf word.
4. Geen snaakse klere of haarstyle word op die laaste skooldag toegelaat nie.
5. Leerders wat nie by hierdie reëls hou nie, is strafbaar volgens skoolreëls.
6. Leerders wat hul skoolklere aan die skool skenk, mag hul laaste vraestel in die eindeksamen in privaatdrag (onderhewig aan skoolreëls) skryf.

LEERDERVOERTUIG

- Graad 12-leerders met geldige rybewyse moet 'n afskrif daarvan inhandig en 'n vorm voltooi wat ten alle tye in die motor getoon moet word.
- Hierdie leerders word toegelaat om hul motors ten alle tye op die aangewese parkeerarea te parkeer.
- Parkering onder personeelafdakke is ontoelaatbaar vir leerders en publiek.
- 'n Leerder mag slegs met 'n gelisensieerde voertuig op die terrein ry.

MOTORFIETSE EN FIETSE

- Fietse en motorfietse mag gedurende skoolure slegs in die fietsloots gelaat word.
- Leerders op motorfietse en fietse mag nie langs mekaar ry nie.
- Alle motorfietsryers moet in besit wees van 'n geldige rybewys.
- Daar mag nie oor naweke met motorfietse op die terrein rondgery word nie.
- Voertuie word op eie risiko op die skoolterrein gelaat.
- Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir diefstal of beskadiging nie.

HANTERING VAN PUNTE VIR BEVORDERING 2023

Rapporte word uitgegee volgens departementele vakvoorskrifte vir Gr 8-12.

PRYSUITDELING

Neem vroegtydig kennis van die vereistes wat gestel word om te kwalifiseer vir 'n toekenning.

ALGEMEEN

1. AKADEMIE

1.1. Gemiddelde jaarpunt: Alle assessering vir die eerste drie kwartale word in ag geneem.

1.2. Graad 10-12

Indien 'n leerder ekstra vakke neem, word dit slegs in ag geneem by die berekening van die prysuitdelingspunt, indien dit die leerder bevoordeel.

1.3. Indien leerder eers in die finale eksamen kwalifiseer, kan hy/sy aan die begin van die nuwe jaar aansoek doen vir 'n toekenning.

1.4. 'n Leerder wat gedurende 'n eksamen of toets afwesig was, sal op grond van meriete en in ooreenstemming met vakonderwyser hanteer word.

1.5. Nuwe leerders wat nie die Junie-eksamen by HPR geskryf het nie, kan eers in die finale eksamen kwalifiseer vir erekleure.

1.6. Leerders wat na die Julie-eksamen 'n vak/vakke verander, kan ook eers in die finale eksamen kwalifiseer vir erekleure.

2. SKOOLSPORT

2.1 By alle sport- en kultuuraktiwiteite, sal erkenning slegs gegee word indien 'n leerder deelneem aan die liga/streek waaraan die skool deelneem.

2.2 Toekennings vir provinsiale kleure verwerf in sportsoorte in skoolverband: Goue balkies word slegs aan A-spanne toegeken. (Cravenweek, A-Netbal, A-Hokkie ens). Alle ander spanne ontvang silwer balkies.

2.3 'n Leerder wat gekies word vir 'n nasionale, provinsiale of streekspan, moet ook deelneem in die span, voordat die leerder 'n toekenning sal ontvang. Indien deelname eers aan die einde van die jaar geskied, sal die leerder die toekenning aan die begin van die nuwe jaar ontvang. Dit geld vir alle sport- sowel as kultuuraktiwiteite.



3. BUITESPORTSOORTE

1. Met uitsondering van leerders wat nasionale kleure verwerf het vir sportsoorte buite skoolverband, sal toekennings vir buitesportsoorte gedurende 'n saalopening hanteer word en nie met die prysuitdeling nie.
2. Riglyne vir toekennings: Word op een vlak laer as aktiwiteite in skoolverband beoordeel.
 - 2.1 *Erekleure*: Indien 'n leerder gekies is en deelgeneem het aan 'n nasionale span.
 - 2.2 *Silwer balkie*: Indien 'n leerder gekies is en deelgeneem het in 'n provinsiale span.
 - 2.3 *Sertifikaat*: Indien 'n leerder gekies is en deelgeneem het in 'n streeksplan.

4. DEELNAME AAN 'N BOKKIESPAN

(alle sportsoorte)

Slegs 'n sertifikaat sal gedurende saalopening toegeken word vir deelname aan 'n Bokkiespan.

ALGEMENE EREKLEURE

1. KWALIFIKASIE

- 1.1. Slegs graad twaalf leerders kwalifiseer vir algemene erekleure.
- 1.2. Dit bestaan uit 5 afdelings.
- 1.3. 'n Leerder ontvang slegs die hoogste punt per aktiwiteit.
- 1.4. Om te kwalifiseer moet 'n leerder:
- 1.5. 20 punte uit 'n moontlike 25 behaal vir aktiwiteite in Gr 12 deelgeneem.
- 1.6. Afdelings waarin die punte behaal kan word is:
 - Leierskap (Maks. 5 punte)
 - Akademies (Maks. 5 punte)
 - Sport (Maks. 5 punte)
 - Kultuur (Maks. 3 punte)
 - Persoonlikheidseienskappe (Maks. 7 punte)

2. VEREISTES

2.1 LEIERSKAP

- 2.1.1. *Voorsitters – Skool [5]
- 2.1.2. *Ondervoorsitters – Skool [4]
- 2.1.3. *Uitvoerende Raad – Skool [3]
- 2.1.4. *Kaptein van erkende sportsoort:
 - *Lid van VLR
 - *Voorsitter:
 - *Koshuisraad [2]
- 2.1.5. Dirigent: 'n Leier op enige raad van erkende skoolaktiwiteit, bv. koshuisraad [1]
- 2.1.6. Indien die optrede en leierskap van hoofleiers en leiers nie na wense is nie, kan hulle met 1 tot 5 punte gepenaliseer word.
- 2.1.7. Uitstaande leierskap van leiers genoem onder 2.1.2 tot 2.1.4 kan 'n ekstra punt verdien.

2.2 AKADEMIES

- 70% 5 punte
- 68% 4 punte
- 66% 3 punte
- 64% 2 punte
- 62% 1 punt

'n Leerder wat gedurende die eksamen of geskeduleerde toets afwesig was, sal op grond van meriete en in oorleg met vakonderwyers hanteer word.



2.3 KULTUUR

AKTIWITEIT

- Koor/Revue/Toneel
- Landsdiens
- Redenaars/ ATKV Redenaars

PUNTETOEKENNING

- Elke aktiwiteit tel een punt.
- Kry 'n hoër punt indien op 'n hoër vlak deelneem, bv. Interhoërredenaars, nasionale landsdiens.
- **Maksimum van 3 punte.**
- Wesenlike en getroue deelname word verwag.
- Die afriqter/organiseerder en hoof se oordeel is bepalend.

2.4 SPORT

DIE VOLGENDE SPORTSOORTE WORD IN AG GENEEM:

Atletiek (Interhoërspan), Rugby, Netbal, Hokkie, Tennis, Landloop, Gholf, Swem, Krieket (Senior), Skaak, Sokker,

PUNTETOEKENNING

- Getroue deelname aan skoolsport: een punt per sport.
- Vir alle eerste spanne: twee punte vir elk.
- Provinsiaal of op hoër vlak: drie punte elk.
- Maksimum vyf punte.
- Wesenlike en getroue deelname word verwag.
- Die afriqter/organiseerder en hoof se oordeel is bepalend.

2.5 PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Die volgende punte word volgens die diskresie van die bestuurspan toegeken:

Ambassadeurskap	[2]
Gedrag	[1]
Dissipline	[1]
Netheid	[1]
Hulpvaardigheid	[1]
Getrouheid	[1]
TOTAAL:	[7]

Indien konsensus nie bereik word nie, sal daar gestem word.

3. KOMITEE

Die komitee bestaan uit die bestuurspan van die skool.

Enige leerling wat ten tye van sy aansoek ernstige oortredings op sy aktiewe rekord het, sal nie vir volle erekleure oorweeg word nie.

B. EREKLEURE

Kenteken: Skoolwapen met lourierkrans in goud plus 'n goue aktiwiteitsbalkie wat onder die sakwapen aangebring word. By hertoekenning ontvang leerder 'n sertifikaat en mag nog 'n aktiwiteitsbalkie aangebring word.



1. AKADEMIES

1.1 Alle graad agt tot twaalf leerders kwalifiseer.

1.2 Komitee: Bestuurspan

1.3 Vereistes

- Graad 8 en 9:
Jaarpuntgemiddeld 85%
- Graad 10 tot 12:
Jaarpuntgemiddeld 80%

2. SPORT

2.1 Atletiek/Swem - Provinsiale kleure.

2.2 Rugby, Hokkie, Tennis, Landloop, Krieket, Gholf, Sokker en Skaak.

- Weners PUK-16
- Die wenspan: Mpumalanga (A-spanne)
- Individueel - Provinsiaal (Skolesport)
- Leerling moes aan proewe deelgeneem het wat deur die amptelike skole-unie georganiseer is
- Eerste en tweede plekke behaal in Mpumalanga A-spanneliga (van toepassing waar liga deur alle skole in die provinsie gespeel word). Indien deelname in laer ligas/afdelings plaasvind, kry slegs die eerste plekke 'n toekenning.

2.3 Buitesport: Nasionale kleure

Hierdie toekennings word gekoppel aan getroue ondersteuning en wesenlike deelname. Die afrigter en hoof se oordeel is bepalend. Enige besware of navrae sal na die beleidskomitee verwys word.

3. SKAAK INDIVIDUEEL:

- A-span bordwenner van bord 1 in Gert Sibande Finaal.

4. KULTUUR

4.1 Redenaars

- Interhoërwenners of ATKV/SALA-wenners.

4.2 Landsdiens

- Moet twee jaar die Nasionale Landsdienskamp bywoon.

4.3 Eisteddfod

- Moet 'n Diploma verwerf in kompetisie.

4.4 ATKV Tienertoneel

- Moet Goud verwerf in kompetisie.

4.5 Robotika

- Weners op Nasionale vlak.

C. BALKIES

1. ALGEMEEN

Kenteken: 'n Silwer aktiwiteitsbalkie wat onderaan die sakwapen aangebring word. By hertoekenning mag leerder nog 'n aktiwiteitsbalkie aanbring.



2. KULTUUR

2.1 Koor/Revue/Interhoër- of ATKV/SALA Redenaars/Landsdiens/Toneel.

- 3 Jaar getroue deelname.

2.2 Moet Goud verwerf in Eisteddfod.

2.3 Deelname aan die finale rondte SALA redenaars.

2.4 Hoëveldjeugkoor

2.5 Moet Silwer verwerf in ATKV Tienertoneel.

2.6 Drie jaar deelname orkes.

2.7 Drie jaar deelname tegniese span.

2.8 Drie jaar deelname robotika.

2.9 Robotika Naaswenners Nasionale vlak.

3. AKADEMIES

- Graad 8 en 9:
Jaarpuntgemiddeld 80%
- Graad 10 tot 12:
Jaarpuntgemiddeld 75%

4. SPORT

- Twee jaar eerste span (Skaak 0/19).
- Tweede plek in PUK-16.
- Reserwes van Mpumalanga-wenners (A-spanne).
- Mpumalanga-naaswenners (A-spanne).
- Alle ander spanne wat Mpumalanga/Puk16 –wenners of naaswenners is, sal op grond van meriete oorweeg word.
- Victor/Victrix Ludorum van Interhuis (Senior en Junior).
- Drie jaar deelname aan Interhoër Atletiek of Interhoër Landloop.
- Drie jaar deelname, swem vlak 2.
- Drie jaar deelname fietsry.
- Hoëveldkleure of Gert Sibande.
- Buite sport: provinsiale kleure.

Hierdie prys is onderhewig aan getroue ondersteuning en werklike deelname. Die besluit van die afrigter en skoolhoof is deurslaggewend. Enige klagtes of navrae sal na die beleidskomitee verwys word

D. TROFEË

1. VAKTROFEË

- Die beste leerder in elke vak, in elke graad, ontvang 'n trofee.
- Die vereiste is dat die leerder 'n gemiddeld van 80% (Graad 8 en 9) en 70% (Graad 10 - 12) in dié betrokke vak moet behaal.
- Indien 'n leerder vir meer as een toekenning kwalifiseer, ontvang so 'n leerder slegs een trofee. Die onderskeie prestasies word op dié trofee aanbring.
- 'n Leerder met 'n promosiepunt van 80% en hoër (Graad 8 en 9) en 70% en hoër (Gr 10 - 12) wat aan die einde van die jaar die beste in 'n vak presteer het, mag vir die vakprys aansoek doen, alleenlik indien niemand tydens die jaarlikse prysuitdeling daarvoor gekwalifiseer het nie.
- Indien 'n leerder in die loop van die jaar 'n vak verander, kan hy nie in aanmerking kom vir die vaktrofee nie.

2. BESTE LEERDERS

Die leerder met die beste gemiddeld in graad 8, 9, 10 en 11 ontvang elk 'n trofee.

3. DUX-LEERDER

Die graad 12 leerder met die hoogste gemiddeld word as DUX-leerder aangewys.

AFWESIGHEDE

- 'n Leerder MOET die Junie-eksamen aflê om vir een van bogenoemde trofeë in aanmerking te kom.
- Indien 'n leerder afwesig was met méér as een so 'n assessering, kan so 'n leerder nie meer in aanmerking kom nie.
- Indien 'n leerder afwesig was met slegs een assessering wat gebruik is om die prysuitdelingspunt te bereken, sal 0% aan die leerder gegee word vir dié betrokke assessering. Só 'n leerder kan dan nog steeds in aanmerking kom vir een van hierdie toekennings.

4. BESTE SPORTPRESTASIE

- Kyk na individuele beste sportprestasie binne skoolverband. Minimum vereiste is dat leerling provinsiale kleure moes verwerf. Dié leerder ontvang 'n trofee.

5. BESTE SPORTMAN/SPORTVROU

- Word toegeken aan 'n seun en dogter. Dié leerders ontvang elk 'n trofee.
- Sportprestasie en veelsydigheid word in ag geneem.
- Slegs sportsoorte binne skoolverband word in ag geneem.
- Punte word as volg toegeken:
 - Deelname (bv. 2de span/Interhuis) 1
 - Skool 1ste span/ A-spanne of Kaptein van 2de span 2
 - Kaptein van 1ste span of Hoëveldkleure 3
 - Provinsiaal 4
 - S.A. (S.A. span of onder 1ste 3 individue) 5

INDIEN 'N LEERDER VIR BEIDE TOEKENNINGS BY 4 EN 5 KWALIFISEER, WORD SLEGS DIE HOOGSTE TOEKENNINGS ONTVANG, NL. "BESTE SPORTPRESTASIE". 'N LEERDER KAN DUS NIE VIR ALBEI TOEKENNINGS IN AANMERKING KOM NIE.

6. KULTUURPERSOON VAN DIE JAAR

Word toegeken aan 'n seun of 'n dogter. Die leerder ontvang 'n trofee. Kultuurprestasies en veelsydigheid word in ag geneem. Leerders moet vir hierdie toekenning aansoek doen.

7. MERIETE TROFEE

Toekenning aan graad 12 leerder(s) wat, ten spyte van moeilike omstandighede, uitsonderlike karakter getoon het deur sy/haar hoërskoolloopbaan. Hierdie toekenning word slegs gemaak indien daar 'n leerder/ leerders is wat hiervoor kwalifiseer. Sodanige leerder(s) word deur die personeel genomineer.

8. TROFEE VIR BUITESPORT

Word toegeken aan 'n seun/dogter wat 'n uitsonderlike prestasie, op ten minste nasionale vlak, behaal het. Hierdie trofee word by die skoolprysuitdeling oorhandig.



9. REGLEMENTE

- Geen leerder sal vir dieselfde prestasie meer as een prys ontvang nie. Slegs die hoogste toekenning word gemaak.
- Spesiale pryse sal slegs met die goedkeuring van die bestuurspan oorhandig word. Die oorhandiging van spesiale pryse word nie aangemoedig nie.
- Die name van die leerders wat vir pryse kwalifiseer, sal voor die prysuitdeling op die kennisgewingbord verskyn. Alle probleme met betrekking tot die SPELLING VAN NAME en VANNE, PERSENTASIES BEHAAL, GEMIDDELDES, WEGLATINGS of enige ander foute, moet binne een dag van sodanige plasing onder die aandag van die organiseerders gebring word.
- Na die verstryking van bogenoemde tydperk sal die inligting, soos vervat op die program, as die korrekte beskou word.
- Foute wat na die bogenoemde tydperk onder die aandag van die organiseerders gebring word, sal slegs NA DIE PRYSUITDELING reggestel word.
- Hierdie toekennings sal nie weer gelees word nie.
- Foute wat deur die organiseerders gemaak is, sal reggemaak word.

Indien 'n leerder sonder 'n geldige verskoning afwesig is by die prysuitdeling, sal die leerder die toekenning(s) verbeur.

TOP TIEN

- Die tien leerders in elke graad met die hoogste gemiddeld, ontvang na rapport 1 en 2, 'n lapelbalkie wat die betrokke jaartal aandui.
- Na rapport 4 ontvang die leerders wat kwalifiseer vir top tien hul lapelbalkies aan die begin van die volgende jaar.
- 'n Leerder mag die balkie vir die res van sy hoërskoolloopbaan dra.
- Graad 10-12
- Indien 'n leerder ekstra vakke neem, word dit slegs in ag geneem indien dit die leerder bevoordeel.
- 'n Leerder wat afwesig was met enige assessering, wat gebruik is vir die berekening van die rapportpunt, kan nie vir hierdie toekenning in aanmerking geneem word nie



ROOSTER

NAAM: _____ KLAS: _____

VAN: _____

	1	2	3	4	5	6	7	8	9
MAANDAG									
DINSDAG									
WOENSDAG									
DONDERDAG									
VRYDAG									

